# 3 Oktober 2023 - Lesing 143 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Die geregtigheid van God eis vergoeding

7625 Elke onreg moet deur die sondaar goedgemaak word. **Dit word deur My geregtigheid geëis.** En hierdie sonde moet op aarde of in die hiernamaals afgelos word en daar kan ewige tye verbygaan, wanneer ‘n siel met sulke sonde belas – sonde wat sy op aarde begaan het – die ryk hierna binnegaan, totdat sy hierdie sondeskuld afgelos het.

**Maar die oersonde van die vroeëre afval van My kan sy nie self goedmaak in die ryk hierna nie**, omdat hierdie oerskuld te groot is om deur die wese self afgelos te word, hetsy op aarde of in die geestelike ryk. Tog word daar nog van ‘n siel wat belas is met oerskuld, die aflossing van haar op aarde begane sonde geëis en daarvoor kan sy ‘n onuitspreeklike swaar en kwellende lot verduur, omdat My geregtigheid ‘n **vereffening van elke skuld vereis**.

Maar My oneindige liefde het Haarself ontferm oor alle sondaars. Sy het die sondeskuld te niet gedoen, **Sy het genoegdoening daarvoor verrig.** Sy het die werk van verlossing volbring vir die mensdom wat met sonde belas is en Sy het ook die oerskuld gedelg, sodat die siele werklik verlos kan binnegaan in die geestelike ryk wanneer sy die aardse liggaam moet verlaat.

**Ek Self het in die mens JaHshua die versoening gebring** deur My bittere lyding en sterwe aan die kruis, deur ‘n werk van barmhartigheid wat slegs die Liefde in staat was om te volbring. En so kan selfs die grootste sondaar vry word van sy skuld en die ligryk binnegaan, op voorwaarde dat hy die verlossing aanneem, dat hy vrywillig na My in JaHshua Messias sal kom en terwille van die kruisdood vir My om vergifnis sal vra. **Maar die vrye wil moet hierdie gang na die kruis gaan**, omdat die mens homself andersins buite die werk van verlossing plaas, omdat hy andersins nie **tot diegene behoort vir wie MY bloed gevloei het** as genoegdoening vir die sondeskuld van die mensdom nie.

Nou eers sal julle die groot betekenis van die verlossingswerk kan insien, wanneer julle daaraan dink **dat dit van julleself afhang** hoe julle lot gaan wees wanneer julle julleself eendag in die ewigheid sal bevind, wanneer julle vir julleself voorstel dat onmeet-like kwellinge vir julle wag omdat julle gesondig het en die **genade van JaHshua Messias nie aangeneem het nie** Wie julle wil bevry van julle sondeskuld; wanneer julle daaraan sal dink dat julle selfs nie tot in ewigheid in staat sal wees om julle groot skuld te delg nie en daarom **ewighede sal moet smag in onuitspreeklike kwelling en duisternis**; en wanneer julle bedink dat julle ook vry sal kan word van julle skuld wanneer julle julleself aan My in JaHshua sal oorgee, wanneer julle met julle sondeskuld na die kruis gaan en My in JaHshua vra om vergewing.

Julle sal vir elke sonde moet verantwoording en boete doen en julle het almal gesondig in die lewe op aarde. Maar julle kan ook almal vergifnis kry; julle kan vry van julle skuld word en as verlos die ryk van geluksaligheid binnegaan, wanneer julle julleself maar sal wend tot JaHshua Messias, tot die die goddelike Verlosser, **Wie My Self as omhulling gedien het, omdat My Liefde die werk van Verlossing vir julle mense wou volbring en dit alleen maar in die uiterlike vorm van ‘n mens kon plaasvind, wat alle leed op Sy skouers geneem het**, wat gely en gesterf het as mens en Wie Sy bloed uit liefde vergiet het om Sy medemens te help en hulle te bevry uit geestelike nood.

Julle moet slegs julle weg op Hom rig, julle moet slegs julleself aan Hom toevertrou in julle geestelike nood, aan Hom julle sondes bely en Hom vra dat Hy Sy bloed ook namens julle vergiet het, sodat julle van julle sondeskuld vry kan word, sodat julle, van sonde en skuld bevry, die geestelike ryk sal kan ingaan wanneer die dag van julle heengaan vanaf hierdie aarde aangebreek het.

En Hy sal julle aanneem, Hy sal julle sondeskuld uitwis, **want Hy het vir My geregtigheid verskaf**. Hy het al die lyding en die smarte verdra wat julle moes verdra het en wat julle nie gespaar kan bly wanneer julle die aarde onverlos, sonder JaHshua Messias, verlaat nie.

In die ryk hierna sal julle Hom nog wel kan vind en ook dan sal julle verlossing ten deel val , **maar lank en moeilik is daardie weg en dikwels het julle ook nie die wil daartoe nie**.

Maar sonder JaHshua Messias bly die poort na die ligryk vir julle geslote, **sonder JaHshua Messias sal julle nooit salig kan word nie**. Amein.

*Openbaring_21*

*2 En ek, JeHôWganan, het die Stad van Apartheid, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van Elohim uit die Hemele, **toeberei soos 'n Bruid** wat vir Haar Man versier is. [Boekrol van Henog 53:6]*

*Jesaja 66*

***10** Wees bly saam met **Jerusalem en juig in Haar**, almal wat Haar liefhet! Wees vrolik saam met Haar, baie vrolik, almal wat treurig oor Haar was!*

*11 sodat julle kan suig en versadig word **aan die Bors van Haar vertroostinge**; sodat julle kan uitdrink en julle verlustig in die volheid van Haar Glansrykheid.*

*13 **Soos iemand wat deur sy Moeder getroos word**, so sal Ek julle troos; en julle sal in Jerusalem getroos word.*

*14 En julle sal Haar sien, en julle hart sal vrolik wees, en julle gebeente sal groei soos die jong gras; **dan sal die Hand van JaHWeH bekend word** aan Sy knegte, en Hy sal op Sy vyande grimmig wees.* [2 Ezra 7:26]